



Christen vrouwees vandag

Die Christelike Vrou

Amptelike mondstuk van die NHSV

Hannelie Botha (redakteur), Thea van Rooyen, Annerie Conradie, Danie Smith, Elize Jones, Sonette Benson, Ina Jansen van Vuren, Elsie Slabbert
diechristelikevrou@gmail.com Posbus 111, Worcester 6849 www.nhsv.org.za

'n Nuwe uitdaging

Ds Hannelie Botha

Sedert ek die vorige redaksioneel geskryf het, het baie gebeur. BAIE!

Die Januarie/Februarie 2019-uitgawe van *Konteks* en *Die Christelike Vrou* was pas afgehandel, toe ek die e-pos kry wat die NHSV se tema vir 2019 aankondig: *...Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê* (Jer 29: 11b NLV). Sonder dat ek geweet het wat die tema gaan wees, het ek die eerste redaksioneel vir 2019 geskryf oor hoop.

Dit is so dat geen mens sonder hoop kan leef nie. As jy nie hoop het nie, het jy niks waarheen jy kan leef nie; dan maak jou lewe waarskynlik vir jou geen sin nie. Hoop is ook absoluut onlosmaaklik verbind aan geloof. Dink maar aan 1 Korintiërs 13: *...Geloof, hoop en liefde...*

Die tweede groot ding wat gebeur het, is dat almal in die Kerk die nuus ontvang het dat *Konteks* tot 'n einde gaan kom. Om die waarheid te sê, hierdie uitgawe wat u in die hand hou, is die laaste uitgawe van hierdie huisvriend van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit is dus ook die laaste gedrukte uitgawe van *Die Christelike Vrou*.

Let op: Ek sê hierbo *...die laaste gedrukte uitgawe van Die Christelike Vrou...* *Die Christelike Vrou* as publikasie hou nie op nie. Ons het pas ons 75ste verjaardag gevier en daarmee aan al die "op-pe"

en "af-fe" gedink waardeur ons gekom het deur die jare. Ons het vele veranderinge beleef: as deel van ander publikasies en as losstaande tydskrif. Hierdie laaste gedrukte uitgawe is dus maar net die einde van die vorige era en die begin van die volgende. Van nou af gaan ons gewoon maar net voort as elektroniese publikasie. Vir geruime tyd al word die elektroniese weergawe van *Die Christelike Vrou* op die webblad van die NHSV geplaas. Dit gaan steeds gedoen word.

Die finale besluite oor verdere verspreiding en ander sake is nog nie geneem nie, maar in hierdie laaste gedrukte uitgawe wil ek graag elkeen wat hier lees, uitnoui om 'n e-pos te stuur na diechristelikevrou@gmail.com en pertinent te vra dat u naam op die verspreidingslys gevoeg word indien dit die manier gaan wees hoe ons voortaan by almal wil uitkom. Indien u nie toegang tot e-pos het nie, kan u u inligting na my stuur by Posbus 111, Worcester 6849 sodat ons 'n ander plan kan maak. Gee gerus ook voorstelle oor hoe ons die nuwe weergawe die beste kan maak wat ons kan.

Die redaksie wil hiermee graag elke leser bedank vir volgehoue ondersteuning, en u uitnoui na die hoopvolle toekoms!

Om te vergeet

Sonette Benson

Izak du Plessis, wat in *Nuwe Stemme* debuteer, bied 'n unieke blik op Alzheimer se siekte. In *Alzheimer* skryf hy oor sy oupa Jaap en gebruik hy deurentyd plaas-metaforiek.

In oupa Jaap se kop het stories tougestaan om deur die drukgang van sy mond te stap. As die dag uitgemelk en uitgevreet op stal was het hy hul deurgejaag tot by die enemmeltafel op die bloedrooi stoep. My hart het tiet getrek vir hierdie hanslammers van Oupa. Die dag toe groot vergeet die hek ooplos het hulle met die grootpad weggedwaal.

Elke môre se instap by my ma se woonstel is soos 'n verrassingspakkie. Wat gaan ek vanoggend kry? 'n Môre my kind, hoe gaan dit? of net 'n bondeltjie mens wat haar twee duime teen mekaar vryf. Sedert ons die pad van die Groot Vergeet betree het, is dit die twee basiese dae wat my ma beleef. 'n Relatief goeie dag met 'n bewustheid van wat om haar aangaan, al vergeet sy die lysies wat sy so sorgvuldig vir haarself maak, of 'n dag waarop sy verdwaal in die mistigheid van haar brein.

Op hierdie mistige dae kan jy vir haar niks vertel wat sy tien minute later sal onthou nie. Geen noemenswaardige gesprek kan met haar gevoer word nie, en sy sal dieselfde vraag oor en oor vra.

Om die primêre versorger van 'n persoon wat met demensie gediagnoseer is te wees, is nie 'n maklike taak nie. Die paadjie wat ons die afgelope twee en 'n halwe jaar gestap het, was moeilik. Baie moeiliker vir my as vir my ma. Solank as wat daar aan die pasiënt met demensie se basiese behoeftes voorsien word, hul angstigheid en aggressie hanteer word, is hulle gelukkig in hul wêreld van mistigheid. Vir die versorger, hetsy huweliksmaat of 'n kind, neem dit 'n tydjie om te besef dat dit *okay* is om nie *okay* te wees met jou huweliksmaat of ouer se demensie nie.

Demensie is 'n siekte wat mense nog ongemaklik maak. Dit is 'n onbekende terrein wat vrees inboesem, soos kanker of die Groot K, soos sommige mense dit nou nog eufemisties noem.

Die hoë voorkoms van demensie en Alzheimer se siekte is onrusbarend. Dalk voel dit net so vir my, omdat ek soveel kennis en vriende het wie se ouers tekens daarvan begin toon of reeds in 'n gevorderde stadium daarvan is. 'n Ander rede is dalk dat die meeste mense bloot geen kennis besit het oor demensie of Alzheimer se siekte nie en dus kon niemand in elk geval openlik daaroor praat nie. Deesdae is die tydskrifte en internet vol artikels en inligting oor demensie en kan almal 'n meer sinvolle gesprek oor die Groot Vergeet hê.

Demensie is grootliks 'n ouderdomsverwante siekte waarin 'n mens se verstandelike en funksionele vermoëns geleidelik agteruitgaan. Demensie begin egter ook die jonger generasie inkatrol. Ek weet van 'n dame wat reeds op 53 met frontale lobbemensie gediagnoseer is.

Indien jy op 'n gereelde basis yskas toe loop en vergeet wat jy wou doen of jou motorsleutels verlé, moet jy nie nou paniekerig raak en vermoed dat demensie jou voorland is nie. Gewone leefstylsiektes soos spanning en depressie veroorsaak ook vergeetagtigheid. Dit is miskien die rede hoekom ons soms lank vat om by die diagnose van demensie uit te kom.

Demensie het 'n invloed op die deel van die brein wat taal, gedrag en persoonlikheid beheer. Die lobbe van die brein krimp, wat veroorsaak dat 'n persoonlikheidsverandering kan plaasvind. Dit is belangrik om te onthou dat ontoepaslike gedrag die gevolg is van die siekte, en nie die persoon nie. My ma is al vir 34 jaar lidmaat van ons gemeente en vir so lank as wat ek kan onthou, drink die lidmate na die erediens tee. Sy was self een van die NHSV-ledes wat op 'n gereelde basis haar teeskinkbeurt geneem het. 'n Tyd gelede het sy egter met groot fanfare aangekondig sy gaan nie meer tee drink nie, want sy hou nie van die mense nie.

Persone met demensie sukkel soms om woorde te vind. Hul vermoë om te praat word dus aangetas, en dit veroorsaak angstigheid. Die persoon met wie die gesprek gevoer word, se reaksie het 'n groot invloed op die angsvlakke van die persoon met demensie. Ek het agtergekom dat om net die woord te verskaf en haar kans te gee om die res van die sin spontaan te voltooi, die minste angstigheid veroorsaak.

My ma was nog altyd lief om te bak en nuwe resepte te probeer. Nou maak sy egter dieselfde kos oor en oor. Demensie veroorsaak by die lyer probleme met beplanning en om instruksies – soos 'n resep – te volg.

Demensie maak dat 'n persoon minder sosiaal wil verkeer, depressief en selfs aggressief raak. My ma was nog nooit vreeslik sosiaal nie, maar het altyd kuiers van haar kinders en susters geniet. Jy kan egter nou sien sy raak vinnig uitgekuiert en vererg haar gou. Dit veroorsaak dat die kuiers kortgeknip word. Ons het 'n swart labrador met die naam Kelvin. My ma noem hom Spook. Daar is geen gemoedsversteuring by my ma teenwoordig as Kelvin in die omgewing is nie. Hulle twee kan ure kuier met sy kop wat op haar skoot rus. Vir sy geselskap word sy nooit moeg nie. Waar 'n persoon met demensie soms sukkel om die volgorde van sy roetine te onthou, vergeet my ma glad nie haar en Kelvin se oggendroetine van 'n halwe *vienna* met opstaantyd vir hom en later 'n been nie.

Verandering in kossmake word met demensie verbind. Hier moet ons onthou demensie word deur breinskade veroorsaak, en verandering wys in jou sensoriese gewaarwording, waaronder smaak. My ma het ons van vroeg af geleer van gebalanseerde maaltye, en brood sou moontlik net geëet word as 'n ligte middag- of aandete. Nou huiwer my ma nie om brood deel te maak van enige van haar etes nie.

Dit is belangrik om die persoon met demensie nie uit te sluit in gesprekke nie. As gevolg van almal se besige lewens en die dinamika in 'n familie kan gesprekke baie vinnig wees of kwinkslae vinnig op mekaar volg. Daar moet dus 'n doelbewuste poging aangewend word om die gesprekke stadiger te maak.

'n Onverklaarbaarheid van demensie is dat die pasiënt met skemeraand dikwels ontsteld kan voel. Die beste teenvoeter hiervoor is om by die normale roetine te hou, byvoorbeeld stort- of badtyd, en om



sagte musiek te speel of 'n stappie te neem as die liggaamskragte dit toelaat.

Demensie is 'n siekte en ook, belangrik om te onthou, 'n familiesiekte. Hiermee bedoel ek dat almal in die familie deur die siekte geraak word. Daar gaan 'n stadium kom dat die pasiënt nie sy of haar eie kinders of kleinkinders gaan herken nie. Ek dink vir my was dit die keerpunt om te weet daar is geen omdraikans nie. Hierdie siekte gaan nie beter word of weggaan nie ten spyte van medikasie wat die simptome van die demensie vertraag. My oussus en swaer was pragtig opgedollie vir 'n troue wat hulle bygewoon het en ek het vir my ma die foto gaan wys. Sy het lank na die foto gestaar en toe verward gevra: *Wie is die vrou by Bossie?*



Om te hoop

Hannelie Botha en Gerda de Villiers

Lees Klaagliedere 3: 1-24. *Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.*

Ons bely dat ons in God glo. Ons bely selfs dat ons in dinge glo wat ons nie gesien het nie, ons bely dat ons glo wonderlike dinge gaan nog met ons gebeur. Maar, nou moet ons ook bely dat dit baie moeilik is om te bly glo as dinge skeefloop, as ons rondom ons kyk en misdaad en geweld sien. Ons sukkel soms om God te sien, ons sukkel om Hom te ervaar. Ons het selfs hoop laat vaar.

As ons dink aan die boek Klaagliedere, dink ons dalk: *Ag nee, hoekom nou dit? Het ons nou regtig so iets nodig? Ons wil die Bybel lees en getroos word, ons wil nie net meer en meer terneergedruk word nie! Ons soek hoop.*

Die Bybel – veral die Ou Testament – is egter 'n eg menslike boek. Dit vertel nie net van hoe groot mense se geloof was nie, maar ook van hul twyfel aan en wanhoop oor God. Ten diepste vertel hierdie Boek ons iets van feilbare mense wat in hul gebroke mensheid met God worstel. Hulle bevind hulself in situasies wat dikwels nie te rooskleurig lyk nie. Hulle vra na God en wonder oor sy betrokkenheid by hulle – en wonder dikwels wat die sin van die lewe nou eintlik is. Die lewe is nie net een groot loflied nie, maar ook 'n treurlied, 'n klag oor swaarkry en ontbering.

En hier vind die boek Klaagliedere sy plek.

Kom ons plaas onself in Ou Israel se skoene, min of meer die jaar 586 vC. Geleerde mense stem saam dat Klaagliedere – hierdie bundel van vyf treurliedere – pas na die val van Jerusalem ontstaan het. Die sangers van hierdie liedere is die mense wat in Juda agtergebly het nadat die room van die samelewing, die koning en die priesters, in ballingskap weggevoer is.

Die Babiloniese ballingskap was vir Juda 'n geweldige krisis, die grootste laagtepunt in hul geskiedenis. En dit is waaroor die sangers 'n klaaglied aanhef. Alles wat kosbaar was, het in duie gestort. Hulle het hul politieke onafhanklikheid verloor. Hul leiers is dood of weg. Die Babiloniërs het hul stadsmure afgebreek, hul tempel verwoes en geplunder, en hul huise platgeslaan. Hul stad waarop hulle so trots was, is nou nie veel meer as 'n puinhoop nie. Die mense wat agterbly, is arm, altyd honger, en oorgelewer aan siektes en ellendes. Roof, verkragting, geweld is aan die orde van die dag.

Maar meer as 'n bestaanskrisis, was die val van Jerusalem ook 'n godsdienstige krisis. Die koning, die stad en die tempel was vir hulle 'n bevestiging dat God sy belofte met hulle hou. God het mos aan Dawid belowe dat iemand van sy nageslag altyd op die troon sal sit. En in die Dawid-stad – Jerusalem – is die tempel gebou sodat die Here onder hulle

kan woon en sy huis en sy stad beskerm. Nou is alles weg.

En nou kom die waarom-vrae. Waarom, Here? Waarom? Hoe kon U so iets toelaat? Here, het U ons vergeet? Here, waar is U? Hoekom het U ons nie gered nie? Waar is u almag? Waar is u liefde?

Die situasie hier uit Juda se verre verlede is tog nie so wêreldvreemd vir ons vandag nie. Kom ons lees 'n paar verse uit Klaagliedere 5:

- **Vers 2:** Ons besittings is gevat en aan vreemdes gegee; ons huise aan uitlanders.
- **Vers 4:** Ons moet ons eie drinkwater koop, vir ons eie hout moet ons betaal.
- **Vers 9:** Met lewensgevaar moet ons vir onskos gaan haal, want in die veld word ons doodgemaak.
- **Vers 11:** Vroue is in Sion verkrag, en jong meisies in die stede van Juda.
- **Vers 12:** Leiers is gevat en opgehang, oumense word met minagting behandel.

Dit klink baie bekend, nie waar nie? Armoede en ellende sien ons daagliks om ons. Geboue, plekke wat eens spogplekke was, is verval, verwaarloos. Baie dinge in ons land en in die wêreld lyk uitsigloos. Ons voel dikwels uitgelewer en onseker. Ons moet onself op allerlei maniere beveilig, anders word ons beroof, selfs vermoor. Elkeen van ons ken iemand of was al self 'n slagoffer van die een of ander vorm van geweld.

As u nog nooit die waarom-vraag gevra het nie, is u baie gelukkig. Maar as u kon identifiseer met die gevoelens wat die sanger van Klaagliedere 3 aan u voorgehou het, kom ons kyk of daar 'n brokkie hoop is, al is dit net 'n klein bietjie.

So min of meer amper in die middel van die Klaagliederebundel gee die sanger vir ons die rede waarom hy kan bly hoop: *...deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot* (verse 22 en 23).

Dit lyk nie asof daar enigiets aan sy omstandighede verander het nie. Om die waarheid te sê, die res van die Klaagliedereboek is nog maar presies dit: Dis die een klag op die ander. Maar midde-in hierdie donker omstandighede hou die sanger vas aan

die liefde, die ontferming en die trou van die Here. Elke môre is dit nuut. Dit wil tog lyk asof 'n besef van verwondering deurbreek. Elke nuwe môre verras die Here hom met blyke van liefde en ontferming. Hy kry steeds swaar. Sy stad lê nog in puin en sy mense is in ellende gedompel. Maar hulle bly staande deur iets – iets wat hulle ken, maar wat elke dag verrassend nuut en anders is.

Ons weet dit ook. Ons weet die Here het ons lief, dat Hy Hom oor ons ontferm, dat Hy getrou bly. Ons herdenk sy betrokkenheid by ons telkens – elke Sondag as ons kerk toe gaan, elke keer as ons doop, as ons Nagmaal vier, tydens Pase, tydens Pinkster, tydens Kersfees.

Maar wat van die tussentyd – wat van vandag tot volgende Sondag, tot Pase, Pinkster, Kersfees?

As ek hierdie tydskrif toemaak, het niks verander nie. Ek gaan terug na my eie lewe en werklikheid. Ek gaan weer armoede en ellende sien, en my eie swaarkry gaan ook nie skielik ophou nie. Of daar gaan nuwe swaarkry oor my pad kom. Maar kom ons probeer met nuwe oë na die lewe kyk. Kom ons probeer ook die Here se liefde en ontferming rondom ons raaksien. Miskien vind ons dit in klein, alledaagse dingetjies. Die warmte van die son op my vel. 'n Plantjie wat ek lank gekoester het, en nou tekens gee dat dit tog gaan blom. Dalk is dit iets groter – 'n verrassende oproep of 'n brief van iemand wat ek gedink het al van my vergeet het. Selfs 'n besoek. 'n Onverwagte geskenk. Onthou, God gebruik mense en gebeure om sy liefde en ontferming sigbaar en tasbaar te maak. Dit maak nie saak hoe klein of hoe groot ook al, geen lyding kan dit – sy liefde en ontferming – ongedaan maak nie.

Mag u elke môre God se trou en nabyheid in u lewens kragtig, verrassend en nuut ervaar.

Gebed

Here, dankie vir elke nuwe môre. Dankie dat ons u troos en ontferming elke dag nuut kan ervaar. Dankie vir u warm liefde, vandag, en elke dag. Herinner ons hieraan, Here, elke keer as ons swaarkry of hartseer is. Help ons, Here, om u liefde en ontferming uit te dra aan ander wat swaarkry of hartseer is. Sterk ons in ons oomblikke van twyfel, van moedeloosheid. Ons loof U vir u groot genade, ook in ons ongelooft.

Vaarwel (of dalk tot weersiens)

Tienie Stoltz

My ma (Bunty Grobler) was jare lank betrokke by die boekverspreidingskommissie van die NHSV.

Ons ses kinders het grootgeword met 'n bekende foto – die Voortrekkervrou met haar twee kinders gekoester in haar arms – 'n beeld wat voor die ingang van die Voortrekkermonument staan, waarop staan *Die Christelike Vrou*. Die foto was in swart en wit en het elke maand met 'n raam in 'n nuwe kleur verskyn (dit was ook die enigste kleurdrukwerk op die tydskrif). *Die Christelike Vrou* was 'n beskeie en nederige tydskrif, gestig in die tweede helfte van die Tweede Wêreldoorlog en net na die depressie. Daar was nie geld nie, maar ons onthou daarvan is diep in ons lewe vasgelê.

My eie ses pastoriekinders het grootgeword met die opwindende nuwe volkleur *Konteks*, waarin *Die Christelike Vrou* ook haar eie staanplekkie gekry het. Daarom is *Konteks* steeds gekoester soos die NHSV in

die hart van die Kerk.

Nou het ons 'n ander kwessie in die Kerk – daar is nie meer geld beskikbaar vir 'n tydskrif wat kan meeding met die (bitterduur in 2019) tydskrifte op die winkelrakke nie. Daar is nie meer geld nie. Wat kan ons ons kleinkinders laat sien? Ouma se gedigte en Ma se rubriekies in ou opgebergde tydskrifte.

Kan ons nie maar ons tydskrif behou op 'n manier nie? *Die Christelike Vrou* was tog amptelik 'n spreekbuis van die NHSV, en daarom baie werd vir die gewone vrouelidmaat. Vir Paul en Wian en al die ander redaksielede deur die jare van *Konteks* en *Die Christelike Vrou*, dankie vir die pragtige hoogtes wat *Konteks* en *Die Christelike Vrou* bereik het. Dankie vir jul harde werk.

'n Hartseer afskeid

Ds Willem Sauer

Soms gebeur iets wat 'n mens geweet het die een of ander tyd kan gebeur, maar wanneer dit wel gebeur, is die skok so groot dat jy dit amper nie kan verwerk nie.

Dit was hoe ek gevoel het toe ek ingelig is oor die moontlikheid dat *Konteks* gestaak kon word. Ek het weens my betrokkenheid by SENTIK geweet dat die kerklike tydskrifte en spesifiek *Konteks* finansiële swaarkry omdat intekenare oor die laaste vyf jaar verminder en uitgawes verhoog het. Tog was dit steeds vir my swaar om van *Konteks* afskeid te neem.

Ek was maar nog jonk in 1990 toe *Konteks* gebore is. Ek het in 1991 afstudeer, dus was *Konteks* my hele tyd as predikant deel van my lewe. In die ou dae het ek prof Andries Breytenbach se stories en dr Barry van Wyk se *Sout en Peper* geniet. Ons was bly saam met lidmate wat trots hul foto's en berigte van 'n 50ste huwelikshedenking of 'n doop met vier geslagte met ons gedeel het. Ons het saam met gemeentes fees gevier en prestasies gedenk.

Maar buiten die eg gesinsgerigte inslag met die nuus uit die gemeentes was daar ook altyd goeie artikels oor aktuele sake, om nie eens van *Die Christelike Vrou*

en 'n *Stukkie brood* te praat nie, waarin die NHSV en die ADV ook 'n stem gekry het. Vir my as voorsitter van die Raad vir SENTIK is die uitdaging nou hoe hierdie nuus vorentoe aan die Kerk gebring gaan word.

Ja, die wêreld het verander, en ons word meer en meer 'n skempiegenerasie waar ek van my selfoon se skerm na my rekenaarskerm en die TV-skerm rondspring. Ons beplan om van die nuus in die toekoms op die Kerk se nuwe webblad, wat eersdaags bekendgestel gaan word, deur te gee, maar die plekkie op my teetafel in my kantoor waar *Konteks* met sy kromgeleeste bladsye gelê het, sal nou leeg wees.

Baie dankie aan dr Paul de Beer wat die waagmoed gehad het om hierdie familielid in ons huise in te bring. Dankie, dr Wian Kloppers, wat hierdie baba tot volwassenheid gelei het. En ook 'n besondere woord van dank aan die personeel by SENTIK wat stil op die agtergrond gewerk het om 'n puik tydskrif vir ons Kerk moontlik te maak.